higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 3

(5050053)

2 Desember 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 15 bladsye.

574Q1N2402

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Outonome leerders verkies om op hul eie te werk.

1.2 Die totaliteitsbeginsel bepaal dat huis- en skoollewe geskei moet word sodat dit nie die leerder verwar nie.

1.3 Dit is nie die onderwysers se verantwoordelikheid om leerders oor rassisme en etniese diskriminasie in te lig nie.

1.4 Uitkomste omskryf wat leerders behoort te ken en verstaan.

1.5 Induktiewe onderrig behels dat die opvoeder 'n algemene konsep definieer en dit daarna met spesifieke voorbeelde illustreer.

1.6 Formele kurrikulumaktiwiteite vind binne normale skoolure plaas.

1.7 Nie-roetineprobleme kan opgelos word deur 'n metode toe te pas waarmee leerders reeds bekend is.

1.8 Mikrobeplanning behels beplanning oor leerprogramme vir elke fase.

1.9 Humanistiese onderrig vereis van die opvoeder om 'n fasiliteringsrol te speel.

1.10 Kriteria sit uiteen wat leerders moet doen om die leeruitkomste te bereik.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies en skryf dit langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Die proses waarvolgens 'n plan in werking gestel word, staan bekend as (samewerking/implementering).

2.2 Die (affektiewe/psigomotoriese) domein fokus op emosies en gevoelens.

2.3 Iets wat nie aangeraak kan word nie, is (ontasbaar/tasbaar).

2.4 Wanneer iemand gesag afdwing, verwys dit na (skikking/voorskrifte).

2.5 Dit is moeilik om 'n positiewe resultaat te behaal indien groepe (versoenbaar/onversoenbaar) is.

2.6 'n (Leerprogram/Leeruitkoms) is 'n plan van aksie wat deur 'n onderwyser ontwerp word.

Kopiereg voorbehou

2.7 (Delegering/Moderering) is om take aan andere toe te wys.

2.8 (Optimistiese/Pessimistiese) denke word gekenmerk deur negatiwiteit en neerslagtigheid.

2.9 (Navorsing/Bespreking) verwys na 'n stelselmatige navraag waarvan die belangrikste doel is om die kennis en inligting te ontdek wat verlang word.

2.10 (Dewey/Bloom) het geglo dat leer eerder aktief as passief moet wees.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Sosialiseringsbeginsel	A	beskrywing van die bewys dat die leerder die vakuitkomste bereik het
3.2	Perennialistiese benadering	B	gedetailleerde bestudering van iets om dit beter te verstaan
3.3	Assesseringsinstrumente	C	om iets sterker te maak deur bykomende ondersteuning te gee
3.4	Analise	D	om neer te skryf wat ook al in jou kop opkom
3.5	Bevoegdhede	E	leerders erken mekaar se waarde
3.6	Versterking	F	items wat 'n assessor as deel van die assessering gebruik
3.7	Rondomtalie-oefening ('round-robin')	G	verteenwoordig vaardighede, vermoëns en kennis wat nodig is om 'n taak te verrig
3.8	Assesseringstandaarde	H	wanneer 'n groep mense saamwerk en saam leer
3.9	Positiewe interafhanklikheid	I	gebruikmaking van inligting om praktiese probleme op te los
3.10	Vry skryfwerk	J	oortuiging dat leerders kennis van die groot idees van Westerse beskawing verwerf
		K	elke leerder kry 'n beurt om iets aan sy of haar spanlede mee te deel

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 ... groepering sluit meer as een veranderlike van geslag, etnisiteit, godsdiens, persoonlikheid, ouderdom, noulettendheid, taalvaardigheid en sosiale klas in.

A Voorkeur-
B Ontwikkelingsgerigte
C Sosiale
D Heterogene

4.2 ... is een van die kernwaardes in die Grondwet.

A Rekonstruksie
B Rekonsiliasie
C Rehabilitasie
D Oriëntering

4.3 Onderwysers moet verskillende leerareas koppel en met mekaar in verband bring deur middel van ...

A uitbreiding.
B integrasie.
C oorgang (‘transition’)
D uitdrukking

4.4 ’n ... is iemand wat nog nie ervaring van iets het nie.

A analis
B ekspert
C amateur
D respondent

4.5 Hierdie tipe vraag vereis ’n ‘ja-’ of ‘nee-’ antwoord.

A Oop vraag
B Geslote vraag
C Indringende vraag
D Tregtervraag

4.6 Die verkenning van entrepreneursgeleenthede is een van die ... uitkomste.

A onderwerp-
B leer-
C kritieke
D ontwikkelingsgerigte

Kopiereg voorbehou

4.7 Vaktydskrifte word dikwels in ... volgorde geskryf.

A verklarende
B eksamen-
C sielkundige
D chronologiese

4.8 'n Toestand wat abnormaliteite van spierbeweging in die arms, bene en gesig veroorsaak:

A Disleksie
B Serebrale verlamming
C Epilepsie
D Outisme

4.9 'n Skaam leerder wat nie juis sosialiseer nie, word beskryf as …

A dominant.
B 'n ekstrovert.
C 'n introvert.
D selfstandig.

4.10 ... verwys na 'n onderrigmetode wat 'n kamstige opvoersituasie gebruik om die leerder te help leer:

A Scenario/gevallestudie
B Eksperimenteel
C Bespreking
D Rolspel

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 5

Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf dit langs die vraagnommer (5.1–5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

beste praktyk; abstrakte; permissief; selfontdekking; bevoeg; leeruitkoms; persepsie; eties; masjinale leer; kommunikasie; strategie; chroniese; interafhanklikheid; verklarend; divers

5.1 Om feite te memoriseer sonder om dit noodwendig te verstaan

5.2 ’n Langtermynsiekte of -toestand

5.3 In die eksperimentele metode vind leer deur middel van verkenning, ... en waarneming plaas.

5.4 Kleingroepwerk verbeter ... -vaardighede.

5.5 Koöperatiewe leer behels dat leerders saamwerk om ’n verlangde ... te bereik.

5.6 In ooreenstemming met ooreengekome beginsels van korrekte morele optrede

5.7 Om op ondersteuning van ander lede staat te maak

5.8 ’n Uiteensetting van die benadering wat ’n onderwyser in onderrig en leer sal gebruik

5.9 ’n Breë versameling mense wat uit verskillende agtergronde, lewenstyle, sosiale ervarings, rasse en gelowe afkomstig is

5.10 Die proses om waar te neem of te verstaan deur die sintuie te interpreteer

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Lees die volgende scenario's en identifiseer die leerbenadering as alternatief vir uitkomsgebaseerde en tradisionele onderwys in elke scenario.

6.1.1 Kinders het 'n verhouding met ander kinders en met materiële items in die wêreld wat hulle toegelaat moet word om te verken.

6.1.2 Die eerste sewe jaar van die kind se lewe behoort op nabootsing en fisiese leer gefokus te wees.

6.1.3 Leer vind plaas binne 'n rustige, gestruktureerde en stimulerende omgewing waarin kinders se selfvertroue en die betrokkenheid van al hul sintuie aangemoedig word. (3 × 1) (3)

6.2 Mev Nsibande leer haar Graad 1-leerders oor die belangrikheid van water.

Stel VIER potensiële leeruitkomste voor wat leerders moet bereik ná 'n les oor die belangrikheid en bewaring van water. (4 × 2) (8)

6.3 Benjamin Bloom het leer in drie oorvleuelende domeine verdeel.

Lees en identifiseer die tipe domein uit elke scenario hier onder:

6.3.1 Cindy se pa neem haar elke oggend vir bestuurslesse.

6.3.2 Mev Kiewiet empatiseer met die leerders in haar klas wat dit nie kan bekostig om iets vir middagete te bring nie en daarom bring sy elke dag vir hulle iets om te eet.

6.3.3 Dit is noodsaaklik dat leerders in staat is om krities te dink sodat hulle op skool kan vorder. (3 × 2) (6)

6.4 Kurrikulumbeplanning vind oor drie beplanningsvlakke in skole plaas.

Lees en identifiseer die beplanningsvlak uit elke scenario hier onder.

6.4.1 Mev Smith verseker dat haar klaskamer 'n veilige leeromgewing is.

6.4.2 Mnr Qundu is die skoolhoof by Greenshields Laerskool en hy glo dat al die personeellede by sy skool die geleentheid moet kry om hul kwalifikasies te verbeter.

6.4.3 By Avontuur Laerskool vergader al die Grondslagfaseopvoeders gereeld om die hantering van veeltaligheid by die skool te bespreek.

6.4.4 Me Meyer volg haar rooster streng na om tyd in haar klaskamer goed te bestuur. (4 × 2) (8)

[25]

VRAAG 7

7.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

Mev Ndlovu, 'n Graad 5-onderwyser, verduidelik vir haar klas die probleem rakende Northville Laerskool se verslegtende toestand. Die skool word gekenmerk deur bouvallige geboue. Die terrein is vuil, met verstopte dreins en rommel wat rondlê.

Leerders kom slordig, ongedissiplineerd en vyandig teenoor nuwelinge voor. Die ergste is dat die skool om verskeie redes 'n kontantvloeiprobleem ervaar. Die hantering van die situasie vereis 'n gesamentlike poging van die hele skoo. Om die vraagstukke effektief aan te pak, deel mev Ndlovu haar leerders in groepe, en gee aan elke groep 'n spesifieke probleem wat hulle moet oplos.

7.1.1 Identifiseer VIER kwessies uit die bostaande scenario wat die onderwyser aan die leerders kan uiteensit om op te los. (4 × 2) (8)

7.1.2 Waarom is dit belangrik om probleemoplossingsaktiwiteite met leerders te doen? (4 × 2) (8)

7.2 Die versteekte kurrikulum verander volgens ligging, situasie, mense, ouderdom en kultuur.

Noem TWEE strategieë om die versteekte kurrikulum in die skool hier bo toe te pas met betrekking tot die leerders se gedrag. (2 × 2) (4)

7.3 Die waardes in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika is gebruik om die beginsels te formuleer wat aan kurrikulumontwerp ten grondslag lê.

Identifiseer die tersaaklike beginsel uit elk van die beskrywings hier onder:

7.3.1 Alle leerders kry gelyke geleenthede om te leer en in hoofstroomskole opgeneem te word.

7.3.2 'n Prestasiegeoriënteerde, aktiwiteitsgebaseerde en leerdergesentreerde opvoedkundige benadering

7.3.3 Leeruitkomste moet die vaardighede, waardes, gesindhede en kennis omskryf wat leerders moet ken om na die volgende graad te vorder.

7.3.4 Assesseringstandaarde in elke leerarea bou opeenvolgend van een graad na die volgende.

7.3.5 Leerders weet deur die hele leerproses wat van hulle verwag word. (5 × 1) (5)

[25]

VRAAG 8

8.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

Mev Du Toit ontwikkel ’n les wat fokus op die onderwerp ‘My land, Suid-Afrika’. Sy rangskik ’n tematafel in een hoek. Op die tafel vertoon sy vlae van verskillende lande van die wêreld. Sy plaas verskillende speelgoeddiere in ’n boks met sand.

Aan die ander kant van die tafel vertoon sy ou items soos krale, potte, musiekinstrumente en klein beeldhouwerke. Langs die ou items plaas sy prentjies van onbekende mense wat sy in ou tydskrifte gevind het.

8.1.1 Hoe kan mev Du Toit haar tematafel aanpas om die kulturele diversiteit van haar leerders te weerspieël? Stel VIER spesifieke veranderinge voor. (4 × 2) (8)

8.1.2 Nothando is ’n kind met ’n gehoorgebrek.

Beveel TWEE maniere aan waarop die tematafel Nothando kan help om die tema te verstaan. (2 × 2) (4)

8.1.3 Watter ander VIER spesiale behoeftes, behalwe gehoorgebrek, kan kinders ervaar wat in hoofstroomskole opgeneem word? (4 × 1) (4)

8.2 Koöperatiewe leer behels dat leerders onderrig word in die nodige sosiale vaardighede om in ’n groepomgewing te funksioneer en sukses te behaal.

Identifiseer die toepaslike sosiale vaardigheid uit elk van die scenario’s hier onder:

8.2.1 Maria en John verskil oor ’n sekere saak en die bespreking eskaleer tot ’n hewige argument, maar die groepleier tree tussenbeide en bring die situasie onder beheer.

8.2.2 Sarah neem die inisiatief om leiding en ondersteuning aan haar spanlede te bied en motiveer hulle ook om hul idees te deel.

8.2.3 Terence het ’n sterk vermoë om sy spanlede te help om goeie keuses uit te oefen.

8.2.4 Emma, Sophia en Jack probeer om onderwerpe te bespreek deur misverstande te vermy, idees duidelik te verwoord en aandagtig na mekaar te luister.

8.2.5 Tydens ’n spanbouaktiwiteit moet studente ’n moeilike hindernisbaan voltooi. Sarah is bang, maar Emma en Jack belowe om haar te vang as sy val, wat haar aanspoor om die taak te voltooi. (5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

8.3 Die volgende sinne is beskrywings van óf die tradisionele óf die beroepsbenadering tot onderwys.

- Fokus nie op akademiese vaardighede nie
- Masjinale leer
- Fokus op handel en nywerheid
- Leer is inhoudgedrewe

Teken die volgende tabel in die ANTWOORDBOEK oor en rangskik elke beskrywing hier bo onder die toepaslike opskrif:

TRADISIONELE ONDERWYS	BEROEPSONDERWYS

(2 + 2) (4)

[25]

VRAAG 9

9.1 Identifiseer die verskillende deelnemende onderrigmetodes wat in elk van die onderstaande FIGURE uitgebeeld word.

FIGUUR 9.1.1



[Bron: *Shutterstock.com*]

FIGUUR 9.1.2



[Bron: *Happynumbers.com*]

FIGUUR 9.1.3



[Bron: *Happynumbers.com*]

FIGUUR 9.1.4



[Bron: *Shutterstock.com*]

(4 × 2) (8)

9.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

Me Singh, 'n Graad 1-opvoeder, ontwerp 'n les oor die tema 'Tafelmaniere'. Sy kies 'n rolspel-onderrigmetode om al die leerders te betrek. Sy prakseer 'n miniatuur eetkamer in haar klaskamer, met eetgerei, borde en glase. Sy plaas 'n bak vrugte in die middel en beveel die leerders om te begin eet. Die sessie rafel egter vinnig uit wanneer die leerders storm om hul voorkeurvrugte te gryp. Me Singh was heeltemal onvoorbereid hierop. Sy erken haar fout en wanneer sy besef dat die verlangde leeruitkoms nie bereik is nie, besluit sy om die les tot die volgende dag uit te stel.

Terwyl sy nabetragting hou, besef sy dat een leerder probeer het om die groep te domineer. Hy is 'n ekstrovert en het die meer gereserveerde leerders ongemaklik laat voel. Wanneer sy die klaskamer opruim, help party leerders haar, terwyl die res dink dat dit onregverdig is om van hulle te verwag om op te ruim. Sy merk op dat Sylvia, een van die dogtertjies in haar klas, sukkel om te buk om papiere van die vloer af op te tel en besluit om met haar ma te praat en die aard van die probleem vas te stel om die meisie te help.

Om chaos in haar klaskamer te verhoed, erken me Singh dat sy eers 'n assessering moet doen om vas te stel wat die leerders aan die begin van die jaar van tafelmaniere weet, ten einde haar in staat te stel om ná die tyd 'n opvolgles te gee. Me Singh moet besef dat dit baie belangrik is om oefeninge soos hierdie gereeld te doen en om leerders konstruktiewe terugvoering te gee sodat hulle kan verbeter en die verlangde leeruitkoms kan bereik.

9.2.1 Identifiseer DRIE *nadele* van *koöperatiewe leer* uit die scenario hier bo. (3 × 2) (6)

9.2.2 Stel VIER veranderinge voor wat me Singh in werking behoort te stel om die doeltreffendheid van 'n rolspelsessie oor die onderrig van tafelmaniere aan Graad 1-leerders te verbeter. (4 × 2) (8)

9.2.3 Identifiseer DRIE tipes assessering wat me Singh in haar klas gebruik. (3 × 1) (3)

[25]

VRAAG 10

Me Pakkies, 'n entoesiastiese Graad 3-opvoeder by die Glen Anil Laerskool, vind dit baie vervullend om geletterdheid te onderrig. Onder haar leerders ervaar Mavis uitdagings met lees en skryf, hoewel sy in ander vakke uitblink. Sy sukkel veral met taalstudie omdat haar aandag maklik tydens leessessies afgelei word. Mavis lees ook stadiger as haar portuurs, sukkel om sekere woorde uit te spreek en daar is ook 'n gebrek aan vlotheid wanneer sy lees. Wanneer dit leestyd is, doen Mavis haar bes om te voorkom dat sy moet lees en dink altyd verskonings uit waarom sy nie kan lees nie.

Me Pakkies het besluit om Mavis agter in die klaskamer te plaas sodat die ander leerders haar nie kan sien nie. Dit skep egter nuwe uitdagings vir me Pakkies.

Sy doen navorsing oor die aangeleentheid en vind waardevolle inligting oor die rol van die aktiwiteitsbeginsel in onderwys. Sy besef dat die meeste van haar leerders altyd hardloop en speel. Sy besluit om hul energie tot hul eie voordeel aan te wend om hulle te help om iets te leer. Sy reël 'n debatskompetisie en deel die leerders in twee groepe. Op hierdie manier is die leerders aktief betrokke by die leerproses sonder om daarvan bewus te wees dat leer plaasvind.

Nadat sy die leerders in groepe gerangskik het en die kompetisie aan die gang gesit het, verlaat me Pakkies die klaskamer om 'n koppie koffie te kry. Kort daarna breek chaos in me Pakkies se klaskamer uit en mnr Alexander, die opvoeder in die klaskamer langsaan, moet die geraas onder bedwang kom bring.

10.1	Identifiseer DRIE tekens uit die bostaande scenario dat Mavis sukkel om te lees.	(4 × 1)	(4)
10.2	Stel VIER strategieë voor wat me Pakkies kan gebruik om die sukkelende leerder te help om haar leesvermoëns te verbeter.	(4 × 1)	(4)
10.3	Dink jy dit was 'n geskikte oplossing vir die probleem om Mavis na die agterkant van die klaskamer te skuif?		(1)
10.4	Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 10.3.	(1 × 2)	(2)
10.5	Identifiseer DRIE maniere waarop me Pakkies die aktiwiteitsbeginsel in haar klas implementeer sodat leer kan plaasvind.	(3 × 2)	(6)
10.6	Gee TWEE moontlike negatiewe gevolge wat me Pakkies se besluit om die klaskamer te verlaat vir die leerders se gedrag kan inhou.	(2 × 2)	(4)
10.7	Noem VIER voordele van koöperatiewe leer.	(4 × 1)	(4)
			[25]

VRAAG 11

11.1 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

> Mev Limmpie glo sterk daarin om belangrike vaardighede, waardes, kennis en gesindhede in haar klaskamer te onderrig. Sy verseker dat sy haar leerders in totaliteit ontwikkel: emosioneel, fisiek, moreel, intellektueel asook sosiaal. Groepaktiwiteite word altyd by haar daaglikse beplanning ingesluit om te verseker dat leerders met ander klasmaats sosialiseer.
>
> Mev Limmpie maak nie alleen seker dat sy gesag en dissipline in haar klaskamer afdwing nie, maar gee ook altyd vir die leerders die geleentheid om aktiwiteite vryelik te ontdek en te verken. Die leerders in haar klas word dikwels daaraan blootgestel om nuwe dinge te ontdek en te verken deur hul sintuie in te span. Sy voel dit is 'n goeie idee om leerders se belangstelling in die onderwerp in ag te neem omdat dit hulle help om responsief en deelnemend in die klas te wees.

11.1.1 Uit die bostaande scenario, dink jy mev Limmpie het die tradisionele onderrigbeginsels in haar klaskamer geïnkorporeer? (1)

11.1.2 Staaf jou antwoord op VRAAG 11.1.1 deur VYF tradisionele onderrigbeginsels uit die bostaande scenario te identifiseer en te benoem. (5 × 1) (5)

11.1.3 Na jou mening, hoe belemmer tuisonderrig 'n leerder se sosiale vaardighede? (1)

11.2 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

> Me Kentucky se Graad 3-leerders word elke Vrydag getoets. Me Kentucky versuim egter om konstruktiewe terugvoering aan die leerders te gee. Sy raas altyd met die leerders as hulle nie goed presteer nie. Sy vra nie watter aspek van die werk hulle nie verstaan nie. Boonop doen sy nie hersieningsessies met die leerders nie.

Op grond van die bostaande scenario, stel DRIE maniere voor waarop me Kentucky konstruktiewe terugvoering aan haar leerders kan gee. (3 × 2) (6)

11.3 Vraagstelling speel ’n belangrike rol in onderrig en leer.

Lees en identifiseer die tipe vraag uit elke scenario hier onder.

11.3.1 Dink jy nie ons skool is die beste skool in die stad nie?

11.3.2 Wat sou jy anders doen as jy in die toekoms met ’n soortgelyke uitdaging te doen kry?

11.3.3 As jy met enige geskiedkundige figuur aandete kon geniet, wie sou dit wees en hoekom?

11.3.4 Hoe het jy ná daardie ondervinding verander?

11.3.5 Wat is die titel van jou gunstelingboek?

11.3.6 Waarom het jy ’n loopbaan in die onderwys gekies?

(6 × 2) (12)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou